*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 21 Junie 2026**
**Nagmaal op Vadersdag**

## Ek glo in God, die Vader van ons Here Jesus... en van my.

*"Hy het toe opgestaan en na sy vader gegaan. Hy was nog vêr weg, toe het sy vader hom al gesien. Hy het hom innig jammer gekry, na hom gehardloop, hom omhels en hom gesoen."*
(Lukas 15:20)
*"Maar aan almal wat Hom aanvaar het, het Hy die reg gegee om kinders van God te word – hulle wat in sy Naam glo."*
(Johannes 1:12)
*"...nee, julle het die Gees ontvang wat bevestig dat ons tot kinders aangeneem is, en deur Hom roep ons 'Abba, Vader!'"*
(Romeine 8:15)

"Ek glo in God die Vader, Skepper van die hemel en die aarde... en in Jesus Christus, Sy eniggebore Seun..." – bekende woorde uit ons geloofsbelydenis. Dalk so bekend dat ons die krag van die verhouding wat hier bely word verloor. God openbaar Homself in 'n verhouding wat bekend op die oor val. 'n Verhouding waar Hy as Vader geken word en waar Jesus, as 'n enigste Seun, die Vader liefhet, gehoorsaam en eer.

Maar langs die roete van die Bybelse verhaal ontdek ons nóg iets kosbaar oor God. God bly nie net die Vader van ons Here Jesus nie, maar danksy die sterwe en opstanding van die Seun, word Hy ook Vader van elkeen wat in Jesus glo. Die bewys van hierdie grootse waarheid is die getuienis van die Heilige Gees in ons – sodat ons deur Hom roep "*Abba, Vader"* (Rom. 8:15). Een van die gelykenisse wat baie te leer het oor die Vaderskap van God vind ons in Lukas 15 waar Jesus die verhaal vertel van 'n verlore seun... of is dit die verhaal van verlore seuns... of dalk eerder die verhaal wat vertel van 'n Vader van verlore seuns, van Sy hart en Sy vergifnis, Sy liefde. Die verhaal van 'n Vader wat nooit opgehou het om Vader te wees nie, selfs al hou kinders op om kinders te wees. 'n Verhaal van oop arms en 'n feestafel vir wegloop en eiegeregtige seuns.

Jesus se aardse lewe het by die dissipels 'n verlange gelaat na iets wat hulle kortgekom het, daardie hemelse Vader-Kind verhouding. En toe Jesus opvaar na die hemel, het presies dít vir hulle agtergebly, 'n verhouding met die Vader, die Skepper van die hemel en die aarde. Aardse pa's en seuns leer om goeie vaders te wees wanneer hulle die Vader van almal leer ken en leer om Hom "my Vader" te noem.

**– ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons Nagmaalsdiens vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom aan besoekers; indien u vrymoedigheid het om in u eie gemeente Nagmaal te gebruik, is u ook vanoggend hier welkom aan die tafel. Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering. Welkom ook aan diegene wat via ons webblad, op *Facebook* of Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

## LITURGIE

| | |
|---|---|
| **Votum:** | Kol. 1:18 *"Hy (Jesus) is die Hoof van die liggaam..."*<br>Lied 175:1 Majesteit |
| **Seëngroet** | |
| **Loflied:** | Lied 203:1, 2 & 3 Loof die Here, al wat lewe |
| **Gebed** | |
| **Skriflesing:** | Lukas 15:11-32 |
| **Woordverkondiging** | Ek glo in God die Vader van ons Here Jesus...<br>en van my... |
| **Voorbereidingslied:** | Lied 532:1 & 2 Ons Vader, neem ons hande |
| **Nagmaalsformulier** | |
| **Verootmoediging:** | Stilgebed |
| **Geloofsbelydenis:** | Apostoliese geloofsbelydenis |
| **Gebed:** | Lied 266 Ons Vader wat woon |
| **Instelling en gebruik van die tekens** | |
| **Danklied:** | Lied 510:1, 2 & 4 Genade, onbeskryflik groot |
| **Liefdegawes** | |
| **Slotlied:** | Lied 280:1, 2 & 3 Here, Redder, groot en magtig |
| **Seënbede, Amen & Orrelnaspel** | |

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 21 Junie | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: Diens van Woord, stilte en gebed (Taizé). |

**Ons kategese vir die kwartaal het reeds afgesluit.**
**Daar is tydens die vakansietyd slegs 'n oggenddiens, en wel as volg:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 28 Junie | 09:30 – Ds. Janke Hurter. |
| Sondag, 05 Julie | 09:30 – Ds. Johan Marais. |
| Sondag, 12 Julie | 09:30 – Ds. Wynand Retief. |
| Sondag, 19 Julie | 09:30 – Ds. Jan Lubbe. |
| Sondag, 26 Julie | 09:30 – Ds. Johan Marais (gesamentlik) |

Hierdie is die laaste Fokus vir die semester en gee ons alle inligting vir die vakansie deur. Ons wens alle lidmate ook 'n aangename rustyd toe – dankie vir meelewing en diens deur die eerste helfte van ons 70ste bestaansjaar. Kom verkwik terug!

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

21 Junie Pieter Greyling en Derik van Straaten.
22 Junie Marié Nel, Imke Prinsloo, Zian Prinsloo en Christelle Scheepers.
23 Junie Pieter Adendorff en Paul Zietsman.
24 Junie Fanie Alberts, Zenelle Badenhorst, Cian Becker en Piet Malan.
25 Junie Jeanmarie Buchner, Marius Maritz en Wynand Retief.
26 Junie Joshua Gerber en Barend van der Walt.
27 Junie CJ de Jager, Helena Scheepers, Janli Slabbert en Rikus Viljoen.
28 Junie An-Lizé Potgieter.
29 Junie Lynette Hefer, Sarie Jooste, Christo Scheepers en Jacques van Wyk.
30 Junie Menitza Gutter, Pieter Maree en Johann Oosthuysen.
01 Julie Louwrens Badenhorst; Zelda Loots en Zenda Maritz.
02 Julie Estelle Bock, Nicolene Claassens, Victor Kotze, Evert Potgieter en Janet Thompson.
03 Julie Daniël Coetzee.
04 Julie Liezel Uys.
05 Julie Annette Evans, Marichen Pietersen, Kalie Strydom, Marina van Niekerk en De Wet van Wyck.
06 Julie Pieter Kruger, Corrie le Roux, Andrewy Murray, Jo-Anne van der Walt, Gerrie van Jaarsveld en Johann van Staden.
07 Julie Lynnette Liebenberg, Henriette van den Berg en Louise van Wyck.
08 Julie Nicolene Pretorius.
09 Julie Anna Bothma, Luan Geldenhuys, Alexandra Schulenburg, Sienie van Zyl en Philip Winkelman.
10 Julie Jozé Ebing, Joubert Haasbroek, Francois Laux, Willem-Herman Liebenberg, Ria Loots, Wilma Steyn en Monica van der Merwe.
11 Julie Aneléh de Jager, Loraine Erasmus, Anine Greyling en Piet Marais.
12 Julie Simoné du Preez, Maggs Fullaway, Annette Joubert, Cara van Staden, Dalene Wigget.
13 Julie Johan Gerber en Hanri van den Berg.
14 Julie Marietjie Botes, Caro Haasbroek, Stephan Johnson en Martin Laubscher.
15 Julie Sollie Pretorius, Annabelle Schulenburg, Christo Thompson, Paul-H. Zietsman.
16 Julie Johan Jooste en Francois Weyers.
17 Julie Augusta du Plessis en Johan Nel.
18 Julie Liam Rabie en Albie Rossouw.
19 Julie Carlene Pienaar.
20 Julie Stephan Diedericks, Sanet Grové, Liezl Klindt, Heike v/d Berg en Hendru v Wyk.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Oom Mornay Pretorius (Waverleyweg 120, wyk 20a); Marina Voges (Edelrood 5, Kiepersol, wyk 16); Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a) en Elsabe J van Rensburg (Santé 202, wyk 18b). Ons dink aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe – in besonder die Le Roux & Swanepoel-families met Bertus se siekbed.

Ons gebed om troos is verder ook vir Frances Wessels en Adele van Jaarsveld, Juane, Tiana en Gerrie, by die heengaan van twee geliefdes, twee Pa's – Oom Kowie (96) en Ihann (53).

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak gedurende die vakansie die leraar aan diens (sien die verlofreëligs hieronder).

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (18:00) in die Konsistorie o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Brief van Jakobus"* (**Afsluiting**). Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.

Ons ander twee Bybelstudiegroepe het reeds afgesluit, en hervat weer ná die vakansie.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**

In **Junie** is **Wyke 16** (**Kiepersol**) en **17** (**Noorderbloem**) aan diens vir Sondae se tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. **Juliemaand** se beurte behoort aan **vrywilligers** – indien jy wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193) en **Wyk 18** (Verre Noorde: Pentagonpark/Heliconhoogte en Santé).

**Verlofreëlings:**

| | |
|---|---|
| Ds. Jan Lubbe | 26 Junie tot 10 Julie 2026 |
| Ds. Johan Marais | |
| Ds. Janke Hurter | 8 tot 14 Julie 2026 |

## BEDIENINGE

**JEUGBEDIENING**

**Belydeniskamp** vanaf **18-20 Julie** by Menuha; inskrywingsvorms asb. na die kantoor...

**GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEIDSBEDIENING**

**Gemeente George-Bergsig** (van ds Rudolph en Sanet Grobler) oornag Vrydag, 26 Junie by ons (te Mooigenoeg); reëlings is getref vir die aandete (sop en broodjies) – vrywilligers nog nodig om te kom help en hul tuis te help voel/uit te reik; kontak 073 180 3193.

**Torings van Hoop: Projek "WinterHoop 2026"** vir behoeftige mense in ons stad (nie-bederfbare kos en toiletware) loop deur Junie; bring gerus bydraes na die Kerkkantoor.

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie betrokke Sondag – vanoggend, 21 Junie: **Bystandsfonds.**

U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**

Ons **Spesiale Dankoffer** het R 454 000 opgelewer. Indien u nog wil bydrae, welkom. Baie dankie aan almal!

**Vrouediens se Sondagpoeding, 21/6 (vir oulaas):** Verskeidenheid by saal te koop...